

**Maandag 30 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 15:14-21**

**Fokusgedeelte: Romeine 15:16-17 (1983-**

**ertaling)**

### **Roem in Christus alleen**

Paulus beskryf aan die gemeente in Rome sy werksaamhede om die evangelie van Christus aan heidene te verkondig. Dit dui op sy verstaan van die evangelie dat die genade van die Here nie net beperk is tot die Jode nie (sien Ef. 3:6). Hy doen die werk omdat Christus hom in staat stel om dit te doen.

Paulus beskryf sy werk dat hy die evangelie bedien soos 'n priester in diens van Jesus Christus. In Israel was die priesters 'n klas. Dit was oorerflik. Hulle kom uit die stam Levi. Paulus was nie 'n priester nie, maar nou beskryf Paulus dat sy werk priesterlik is. Hy bedien die evangelie van Jesus Christus: die verlossing van sonde aan die mense.

Hy beleef dan ook wonderlike bekering van ongelowiges daar waar hy sy bedieningswerk doen. Talle mense kom tot geloof en gemeentes word gestig. In vers 16 is die sleutelwoorde "geheilig deur die Heilige Gees". Dit beteken dat die Heilige Gees die deurslaggewende oorsaak is van die voorbereiding van 'n heilige volk vir die Here. Waar mense deur geloof tot bekering kom, word hulle 'n offergawe vir die Here (Rom. 12:1). Die Here berei 'n volk voor vir Homself, en Paulus is slegs 'n instrument.

Daarom roem hy in Christus alleen (2 Kor. 10:17). Hy roem in Christus Jesus omdat die resultaat van die bedieningswerk voortgebring is deur dit wat God deur die Gees van Christus gedoen het. As gemeentes moet ons doel ook wees om Christus Jesus in al ons werk te roem. Ons moet daarop gemik wees om ons werk so te doen dat Christus die heerlijkheid kry.

*Sing: Psalm 18-1:20*

*Ds. C-B Robinson (Brahm) (Cachet)*